Met baie van die agentskap se veldtogte strewe hulle om kragtige beelde en slagspreuke te gebruik om maatskaplike kwessies aan te spreek: ☒

- Hulle Plakkaatveldtog vir die VN Wêreld Voedselprogram ☒
- Plakkaat vir die Musica Doofbewustheidsweek ☒

Die Plakkaatveldtog vir die VN Wêreld Voedselprogram:

Hierdie plakkate maak mense bewus van hongersnood. ☒ Daar is vier plakkate. Elkeen beeld een van die volgende uit:

- 'n eier, 'n wiggie kaas, 'n plastieksak en 'n wortel. ☒
- In elke plakkaat speel die ontwerper met die voordele en clichés wat geassosieer word met die voorgestelde item om sodoende die kwessie van hongersnood duidelik na vore te bring. ☒

Plakkate vir die Musica Doofbewustheidsweek:

- Musiek maak sekere gevoelens wakker vir die wat kan hoor. Hierdie gevoelens word nooit ervaar deur of aangewakker in die mense wat nie kan hoor nie. ☒

'Boxer', 'Tank' en 'Dog' is drie baie kragtige plakkate.

- Elke beeld was noukeurig gekies om die gevoelens voor te stel wat 'n sekere liedjie aanwakker, sodat hierdie gevoelens ervaar kan word deur beide doof en horende mense. ☒

(7)

- 5.1.2 Die plakkaat dra die boodskap oor dat die minderheid van die Suid-Afrikaanse populasie in die posisie is om hulself te bederf met eet in restaurante, terwyl die oorgrote meerderheid honger ly en deur die vuilgoed moet grawe vir kos, of hulle moet kos eet met geen voedingswaarde. ☒

Die maatskappy glo dat werkloosheid die grootste struikelblok vir ons land:

- Dit is nie net die oorsaak van maatskaplike probleme soos armoede nie. ☒
- Dit verhinder ook gemeenskaps groei en ontwikkeling. ☒
- Daarom probeer die besigheid langtermyn werk skep vir so veel as moontlik Suid-Afrikaners. ☒ Hulle probeer die lewensstandaarde van Suid-Afrikaners te verbeter deur werksplekke, permanente werk, 'n gevoel van waardigheid en toegang tot vaardigheidsopleiding en persoonlike ontwikkeling te voorsien.

'Streetwires Training and Development' is 'n nie-winsgewende organisasie wat deur Streetwires gestig is en streef daarna om gemeenskappe op te hef deur voorsiening te maak vir vaardigheidsopleiding, ontwikkeling van individuele kunstenaars en die skepping van uitreik inisiatiewe in weeshuise, skole en verarmde gemeenskappe. ☒

Die voorwerpe wat gemaak word is beide dekoratief en funksioneel ☒ byvoorbeeld:

- Promosie artikels en geskenke gemaak van krale (sleutelhouers, skuifspelde met 'n logo, besigheidskaarthouers), radio's, verskeie motor-modelle gemaak van draad en krale en dier-, voël- en mensfiguur beeldhouwerke. ☒
- Die vorms is hoogs gestileerd en vereenvoudig en bevat 'n element heelwat humor en speelsheid. ☒
- Helder kleure en eenvoudige, kromagtige buitelyne domineer. ☒
- Die draadkuns domineer ook. Materiale soos krale, opgesnyde blikke en botteldoppe word ook gebruik. ☒

(7)

Voorbeeld 4: (Ken 7 punte toe)

DIE 'JUPITER DRAWING ROOM'

- Die 'Jupiter Drawing Room' is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse advertensie agentskap. ☒
- Die agentskap voel baie ernstig oor bemagtiging en het al reeds ver oor die 26% beligtingsverhouding beweeg met betrekking tot hul personeel en aandeelhouders. ☒

Hulle glo dat daar 'n behoefte bestaan vir sterk, relevante, aangrypende en geïntegreerde kommunikasie met die groot verskeidenheid van produkte wat vandag beskikbaar is en die groot verskeidenheid media wat gebruik kan word om dit te bemark. Die volgende frase som hulle filosofie op: 'Indien jy 'n eenvoudige voorstel deur 'n klomp soorte media kommunikeer, staan jy 'n groter kans om raakgesien te word, onthou word en op gereageer te word.' ☒

(7)

- Hulle werk gewoonlik op swart katoendoek en helder gare beklemtoon die Afrika-identiteit van die werk. ☒ Oppervlaktes word baie dig geborduur en die swart negatiewe ruimtes dien as die agtergrond. ☒ Die katoen is omgewingsvriendelik en volhoubaar en is geredelik beskikbaar in Suid-Afrika. ☒

Gee punte vir enige ander inligting.

(7)

Voorbeeld 3: (Ken 7 punte toe)

'n Kontemporêre Suid-Afrikaanse Handwerk Besigheid en gemeenskapsontwikkeling projek:

STREETWIRES

- Streetwires, 'n hoogs winsgewende handwerk-besigheid en gemeenskapsontwikkeling projek, was tot stand gebring deur Patrick Schofield, Winston Rangwana aan Anthony Ressel. ☒
- Die besigheid produseer straat-draadkuns, 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse genre. ☒ Een van die doelwitte van die besigheid is om die kwessies van werkloosheid en armoede aan te spreek. ☒
- Die kunsvorm het waarskynlik sy oorsprong in die landelike gebiede van Mpumalanga en Zimbabwe, waar arm beeswagter-seuns hul eie speelgoed gemaak het met ou hangerdraad, blikke en enigiets anders wat hul kon vind. ☒

Die drie stigters van die besigheid kom van uiteenlopende agtergronde en elkeen het 'n unieke en waardevolle bydra gelewer tot die sukses van die besigheid:

- Schofield het 'n Honneursgraad in Besigheidswetenskap. Sy huis is as sekuriteit gebruik om die besigheid op die been te bring. ☒
- Rangwana het sy kennis van die draadkunsbedryf ☒ bygedra
- Ressel het die bemakingsvaardighede bygedra ☒

In die begin is net twee draadwerk kunstenaars deelyds in diens geneem en het 'n kamer in Schofield se huis gebruik as hul werkspasie. ☒ Die besigheid het gegroei en naderhand kon die eienaars nog twee geboue aankoop. ☒ Die Kaapstad ateljee is 'n besigheid wat die kwaliteitsbeheer toepas. ☒ 'n Ontwerpspan skep nuwe draadkuns ontwerpe. Wanneer dit goedgekeur word, word template gemaak en gegee aan 'n span draadkunstenaars wat dan die produk maak. ☒ Om te sorg dat 'n hoë standaard gehandhaaf word, maak die spanleier seker dat die templaats presies nagevolg word en dat die produk deur die kwaliteitsbeheerproses gaan voordat dit aan die mark bekend gestel word. ☒

- Hulle het nou al ongeveer 450 vrouens wat poppe maak en 200 vrouens op hul waglys. Saam met die poppe maak hulle ook handsakke, kraleprente, diere, kussingootreksels en beelde. ☒ Hulle gaan voort om die mense wat vir hulle werk te inspireer en moedig hulle aan om erkende kralewerkers te word. Hulle help hulle om besigheidsvaardighede te leer sodat hulle ekonomiese en sosiale status kan verbeter. ☒
- In 2003 het die direkteure van die VSA nie-winsgewende-organisasie, Art AidsArt die Kaapstad Studio van Monkeybiz besoek en baie poppe gekoop om as fondsinsameling in VSA te verkoop. Tesame met die hulp van die 'n groep Afrika-Amerikaanse vrouens wat gehelp het met die fondsinsameling, het die fondsinsameling genoeg geld ingekry om 'n studio in Khayelitsha op te rig. Die studio is "The Boat" genoem om sy rol as 'n plek van veiligheid vir vroulike kunstenaars en ander sosiale uitreik te dien. ☒
- Die samesmelting tussen Monkeybiz en Art AidsArt het aangehou om vrug te dra en in 2004 het Art AidsArt die enigste VSA uitstalling van 'Positively HIV' in Pasadena en California en 'n tweede verkoping van Monkeybiz kralewerk gehou om die gesondheidskliniek te befonds. Hulle het 'n vigs-ondersteunersgroep in hul gebou in Kaapstad gestig. ☒ Die vrouens het 'n naaldwerkgroep gestig en hulle is besig om denim baadjies uniek te verander, HIV liefdesbriewe te maak en T-hemde. ☒
- Die kunstenaars het 'n nie-winsgewende organisasie gestig sodat al die wins direk in die gemeenskap gestort kan word en tot voordeel van die vrouens kan wees.
- Carrol Boyes hou Monkeybiz kunswerk in haar winkel in New York aan om verder geld in te samel vir sosiaal-agtergeblewe vrouens.
- Hulle self-aangemoedigde Vigskliniek is selfonderhoudend en word goed ondersteun. ☒

(7)

Voorbeeld 2: (Ken 7 punte toe)

MAPULA

- Mapula was op die been gebring met die oog op werkskepping vir landelike vrouens. ☒ Dit was oorspronklik befonds deur 'n liefdadigheidsorganisasie (NGO) maar is nou heeltemal selfstandig. ☒ Dit is wat bedoel word met die term 'bemagtiging'. ☒
- Die vrouens skep hul eie ontwerpe gebaseer op natuurlike vorms soos blomme en bome. ☒ Hulle verwys ook na hul eie lewens in hul ontwerpe, ☒ byvoorbeeld kinders wat speel in die landelike omgewing. ☒
- In die begin het die vrouens lesse gehad in oppervlakontwerp en borduurwerk. ☒ Een van die stekes wat hulle die meeste gebruik is die kettingstek.
- Hulle maak funksionele produkte sowel as kussingslope en tafellopers. ☒ Unieke kunswerke soos muurbehangsels word ook geskep. ☒

AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGS KONTEKS**VRAAG 5 (20 punte)****AS1: Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.****AS 2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpterminologie korrek.****AS 7: Begryp die maniere waarop Ontwerp gebruik kan word om sosiale/maatskaplike, kulturele, omgewings en etiese kwessies te versterk of uit te daag.**

- 5.1 5.1.1 (Ken 7 punt toe – om 'n punt te kry moet 'n feit deur 'n verduideliking of voorbeeld ondersteun word.)

Nota: 'n Leerder mag enige voorbeeld uit 'n LOOM (LTSM) gebruik soos voorgeskryf in die LPG (byvoorbeeld die Woolworths boek '*LivingwithDesignDaily*' of 'Craft Art in SA' deur E. Coetsee).

in die opstel moet die leerder 'n Suid-Afrikaanse ontwerper of groep kies wat betrokke is by ENIGE sosiale/maatskaplike kwessie. Voorbeelde van kwessies kan wees: armoede, kapitalisme, geslagsaangeleenthede, gesondheidskwessies, maatskaplike onregte, rassisme en marginalisasie, ens.

Voorbeelde van ontwerpers of ontwerp groepe is:

- MonkeyBiz – armoede verligting en werkskepping.
- Mapula – armoede verligting en werkskepping.
- Streetwise – armoede verligting, opleiding van vaardighede, werkskepping.
- Mielie – armoede verligting, opleiding van vaardighede, werkskepping.
- Die leerder moet werke van die ontwerper noem en dit bespreek.

Vir elke voorbeeld kan krediet gegee word vir enige geldige stelling wat nie ingesluit is in enige van voorbeelde 1, 2, 3 of 4 nie.

Voorbeeld 1: (Ken 7 punte toe)**MONKEYBIZ LEES-UITREIKPROJEK:**

- Barbara Jackson en Shirley Fintz, keramiekkunstenaars het Monkeybiz in Januarie 2000 gestig, met MathampheloNgaka as handwerker (crafter).
- Hulle het bemarkingspotensiaal gesien en terselfdertyd die geleentheid om die tradisionele handwerktegniek kralewerk te laat opleef ☒ Mathapehelo het 'n paar werklose vrouens van die Weskaap gekry om poppe te maak. ☒ Nadat hulle positiewe terugvoer van die plaaslike winkels en toerisme gekry het, het hulle die besigheid uitgebrei na ander gemeenskappe om sodoende sosiale opheffing aan te moedig. ☒

- FIGUUR B – Reflekteer Post Modernisme se verwysing na die verlede en die toekoms, sodat die style dikwels onsamehangend voorkom. (die kombinasie van tradisionele materiaal (hout) en fatsoene (stoel) vervaardig en op nie-tradisionele wyses aanmekaar geheg.) ☒ Dit reflekteer ook die kombinasie van goedkoop en duurder materiaal tipies van die styl. ☒

Oorweeg alle goed beredeneerde en ondersteunde feite.

(8)

4.2.2 (Ken een punt toe vir 'n ontwerper en een punt vir 'n werk deur die ontwerper).

Enige van die volgende of enige ander geakkrediteerde ontwerper van elke beweging.

Die Pop Era/Tyd van Oorvloed:
Mary Quant – 'Die Mini rok' ☒

Post Modernisme:
Phillipe Starck – 'The Ghost Chair' ☒

(2)
[20]

V4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Herroep	30%	Deel van 4.2.1 + 4.2.2	1 + 2
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 4.2.1	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 4.2.1	3

TOTAAL AFDELING A:

80

- 'n Beweging in die rigting van nuwe fatsoene sowel as die verwringing van fatsoen.
FIGUUR A – die biomorfiese fatsoene van die Amerikaanse Abstrak Kuns beweging en die natuurlike, vloeiende vorms met golwende lyne van die Skandinawiese ontwerpers. ☒
FIGUUR B – Die gladde, masjienagtige, geometriese staal vorms van modernisme is nou onlogies gekombineer met hout, organiese boogvorms om 'n verwronge beeld van 'n tradisionele stoel te vorm. ☒
- 'n Beheptheid met lyn:
Beide maak gebruik van die eenvoudige, skoon, golwende lyn van die Asiese (Japannese) tradisies. ☒ Dit verleen 'n vroulike kwaliteit aan die werke en versag die masjienagtige kwaliteit. ☒
- Modernistiese karaktereienskappe wat behou word:
FIGUUR A – Die vrydraende sitplek. ☒
FIGUUR B – Ontwerpe kombineer masjienagtige geometriese staalvorms met tradisionele materiaal. ☒
- 'n Bekoring met die nuwe materiale wat beskikbaar is as 'n resultaat van ontwikkelende tegnologie:
FIGUUR A – Die vrydraende sitplek is die gevolg van 'n enkele stuk plastiek wat gegiet word (spuitvorm gietwerk – 'injection moulding'). Dit was nog nooit van tevore moontlik nie en in 'n groter verskeidenheid sintetiese kleure. (Plastiek is pas ontdek in die vorm van PVC.) ☒ Nuwe materiale het tot gevolg gehad dat formele pote nou deur veermeganismes vervang word. ☒

FIGUUR B – Maak gebruik van verchromde staal, plastiek sowel as laaghout. ☒

- Versiering word weer belangrik en dit sluit kleur, verwringing, kitsch, humor, vernuf en ironie in bv.:

FIGUUR A – maak gebruik van helder kleure. ☒

FIGUUR B – Maak gebruik van 'n kombinasie van kleure, teksture, vorms/fatsoene en materiaal vir dekoratiewe effek. ☒

Die verskil in die twee bewegings is ook duidelik in die twee ontwerpe:

FIGUUR A –reflekteer die vooruitdenke van die Pop Era met sy helder kleure en die blink, reflekterende oppervlaktes wat hul belangstelling in die ruimte era weerspieël. Geen verwysing na die verlede en weerspieël die beweging se begeerte om alles te herontdek. ☒

(8)

VOORBEELD VAN EEN WERK:

Die Chrysler gebou: ontwerp deur William van Alen. ☑

Die gebou is 304 meter hoog. Die dertigste vloer bevat 'n vries van bakstene wat 'n motorkar met dekoratiewe wieloppe en groot gevleuelde verkoeleroppe uitbeeld. ☑ Die toring van vlekvrystaal bevat driehoekige vensters wat oorvleuel en uitwaarts uitsteek. ☑ Die binnekant het asemrowende versierings. ☑ Die ingangsportaal is versier met inlegsels, chroom en Egiptiese motiewe. ☑

(3)
(2 x 10) [20]

V4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Observasie/ Herroep/ Begrip	30%	Deel van 4.1	6
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 4.1	8
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 4.1	6

4.2 4.2.1

(Ken 8 punte toe)

Kandidate moet in paragraafvorm antwoord en nie in tabelvorm nie.

Beide die ontwerpe kan hulle verskeie individuele bewegings voorstel en kandidate kan as volg redeneer. ☑

Beide bewegings deel sommige karaktereienskappe omdat hulle die volgende voorstel:

- 'n Wegbeweeg van die outoriteit en vaartbelyning van Modernisme en die klem op eenvoud (die tekort aan dekoratiewe detail) en strengheid (reinheid van die vorm), met geen verwysing na plaaslike of historiese invloede, bv. Bauhaus en Internasionale styl met hulle aanhang van streng reëls en die koue, onpersoonlike en masjienagtige ontwerpe. ☑ Beide FIGUUR A en FIGUUR B maak gebruik van vloeiende organiese lyne. ☑
- 'n Groter geleentheid vir die publiek om hulle eie omgewing te verander en die begeerte vir ontwerpe wat aan menslike behoeftes voldoen en wat nie elitisties (net deur 'n paar verstaan) is nie. ☑ bv. FIGUUR A wys die gebruik van helder kleur en beide wys verskeidenheid en individualiteit in hulle ongewone fatsoen en vorm. ☑
FIGUUR B – 'n Hoogs individuele ontwerp wat onderskeibaar en anders is.

Die Russiese Ballet:

- Die Russiese ballet, wat vasgevang was in Parys as gevolg van hul moeilike politieke situasie net voor die uitbreek van die Tweede Wêreld-Oorlog, het mense betower met hul radikale nuwe gebruik van helder kleure en patrone in hul kostuum en teater ontwerpe. ☑

(2)

ALGEMENE KARAKTEREIEISKAPPE

Elemente van Ontwerp:

- Fatsoen (twee-dimensioneel): Die klem word gelê op plat, twee-dimensionele ontwerp ☑
- Vorm (drie-dimensioneel): Gestileerd en dekoratief – meer hoekig ☑
- Kleur: helder ☑
- Toonwaarde: Min Modulering van vorm deur middel van kleur en toonwaardes ☑
- Lyn: Klem word sterk gelê op lyn bv. geometriese waaiermotiewe, sonstrale met reguit strale ☑
- Tekstuur: Ryk teksture met die klem op verskeidenheid van oppervlak-teksture – growwe teksture teenoor gladde en reflekterende dele met 'n metaalagtige glans ☑

Beginsels van Ontwerp:

- Kontras: Hulle gebruik helder teenstrydige kleure en 'n verskeidenheid van oppervlak-teksture ☑
- Verskeidenheid: 'n Wye verskeidenheid van vorme (twee- en drie-dimensioneel), materiale, kleure en oppervlak-teksture word gebruik ☑
- Beweging: Figure, diere en motorkarre word in beweging voorgestel deur gebruik te maak van geboë en skuinslyne. ☑

Handwerk/kunsvlyt vorms en tegnieke:

Hulle het van vele verskillende tegnieke gebruik gemaak bv.

- Lakwerk: geverfde en lakwerk oppervlaktes in bruin, swart, rooi en goud. (deure, skerms, panele, meubels, en ander klein bykomstighede) ☑
- Glasware: huishoudelike ware van gegote glas in die vorm van reukwaterbottels, vase, lampe, ligte, horlosiehouers, lessenaar bykomstighede en dekoratiewe panele. Strukture van voorwerpe het verander van slegs funksioneel na treffende dekoratiewe stukke. ☑
- Keramiek: maak gebruik van die tradisionele glasuur tegnieke van die Chinese potters. Gebruik gemaak van ryk monochromatiese glasuurwerk in verskillende skakerings van kleure, gekombineer met reeks subtiele oppervlakte. ☑
- Keramiekware en figure: Dekoratiewe metaalwerk wat uit yster, brons, silwer, koper, piouter en chroom gemaak is. Metaalware en beeldjies: Dekoratiewe 'Chryselephantine' standbeelde uit ivoor of brons soos vroulike karakters en eksotiese dansers in elegante kostuums. ☑
- Meubels: gemaak van eksotiese hout bv. Kubaanse Mahonie, eboniet en olyfhout. Versier met inlegwerk uit ivoor, 'mother of pearl' en groen gekleurde haaivel. ☑
- Juweliersware: 'n Groot reeks juwele is gemaak deur edelstene en half-edelstene te gebruik. Glashangertjies met gestileerde figure in reliëf daarop, ringe, borsspelde, beltgespes, armband, lang stringe gekleurde krale so wel as pil- en sigarethouertjies wat met juwele versier is onder andere. ☑

(3)

Kleur:

- Sitplek – oorspronklik gemaak uit natuurlike fineerhoutlae wat aanmekaar verbind is. ☑
- Pote – oorspronklik gemaak van grys plastiek en daarna verander na die blinkagtige, silwer kleur van die chroom. ☑
- Moderne weergawes is soms heldergekleurd. ☑

(Ken 10 punte toe.)

ART DECO

DOELSTELLINGS:

- Om te voldoen tot die vereistes wat die masjien, die nuwe materiale en massa-produksie daargestel het. ☑
- Om 'n nuwe styl te skep vir 'n nuwe eeu. ☑
- Om 'n modieuse styl te skep wat bekostigbaar is vir die gewone publiek. ☑
- Om die veranderinge in die samelewing te reflekteer. ☑
- Om 'n goeie kwaliteit, praktiese, massavervaardigde stukke te skep uit innoverende industriële materiale. ☑

(2)

INVLOEDE:

Die vroeg 20^{ste} eeuse skilderbewegings:

- Art Deco is beïnvloed deur die gebruik van abstraksie, geometriese fatsoene, verwringing en vereenvoudiging in die kuns van bewegings soos Kubisme, Konstruktivisme en Futurisme. ☑

Fauvisme:

- Hulle gebruik van plat areas van helder, botsende, nie-naturalistiese kleur het 'n definitiewe invloed op Art Deco. ☑

Die ontwikkeling van die masjien:

- Art Deco ontwerpe toon 'n viering van die masjien-eeu en spoed. Beelde van treine, skepe, vliegtuie en motorkarre verskyn dikwels en spoed word dikwels uitgebeeld deur die gebruik van horisontale lyne op en om die voertuie. Windhonde sowel as vrouens met hare wat agter hul uit stroom terwyl hul hardloop is gewilde beelde wat gebruik word om beweging uit te beeld. ☑

Afrika kuns:

- Die vereenvoudigde, geometriese vorms en oordrewe eienskappe van Afrika-kuns beïnvloed Art Deco ontwerpe. ☑

Egiptiese Kuns:

- Egiptiese motiewe soos die papyrus, die lotus-knop en sonstrale het mode geword. ☑

Amerikaanse kulture:

- Asteek en Rooi Indiaanse motiewe het gewild geword, bv. trapvormige Asteek ziggoeratvorm. ☑

Ruimte:

- Modernistiese argitekte plaas die klem op ruimte eerder as massa. Ruimtes was opgedeel en afgeskort volgens die funksie van die gebou. Dit het oop-plan ontwerpe tot gevolg gehad. ☒

(3)

WERKE:

Meubels: Die 'Ant Chair' (1952) ☒

- Ontwerp deur die Deense ontwerper, Arne Jacobsen. ☒

Konteks:

- Ontwerp vir 'n Deense mediese groep. ☒
- Dit moes iets wees wat maklik binne fabrieksomstandighede vervaardig kon word. ☒
- Dit moes 'n handgemaakte gevoel behou. ☒

Invloede:

- Charles Eames: meubels moet beskou word as aantreklike voorwerpe in hul eie reg en moenie net nuttig wees nie. ☒
- Die ontwerp was beïnvloed deur die 'Tongue Chair' wat gemaak was uit 'n enkele stuk laaghout deur vormgiëting ('moulding'). ☒

Materiale:

- Die sitplek van die stoel is 'n enkele stuk laaghout gevorm deur vormgiëting. ☒
- Die raamwerk van die sitplek en die pote is uit chroom-bedekte staalpype gemaak. ☒

Funksionalisme:

- Die stoelontwerp is kompak en liggewig sodat hulle maklik opmekaar gepak kan word. ☒
- Dit is ergonomies ontwerp. ☒
- Die ontwerp het so goed gewerk dat dit beskou word as 'n klassieke stuk en word vandag nog reg oor die wêreld gebruik. ☒

GEBRUIK VAN ELEMENTE:

Fatsoen en Vorm:

- Die vorm herinner aan die kop van 'n mier met sy kop omhoog. ☒
- Dit weerspieël 'n kombinasie van modernistiese ideale (vereenvoudig en vaartbely) en die Nordiese liefde van naturalisme (organiese kurwes). ☒
- Dit is in die vorm van 'n uurglas en is aan drie staalpype verbind. Die sitplek is aan die raamwerk van die pote vasgebout. ☒

Lyn:

- Die vorm van die stoel is afgebaken deur 'n organiese, vloeiende lyn. ☒
- Die pote is reguit en is so gespaseer dat 'n mens se bene nie verstrengel raak met die pote nie en om 'n stabiele basis te verseker. Dit maak dit ook maklik om die stoele opmekaar te pak. ☒

- (i) Nuwe materiale:
- Metale (staalpye, aluminium en chroom) en metaalalooie ☒
 - 'n Nuwe reeks glassoorte ☒
 - 'n Nuwe reeks plastieksoorte (Bakeliet en poli-uretaan) ☒
 - Laaghout ('plywood') ☒
 - Gewapende beton ('reinforced concrete') ☒
- (ii) Skandinawiese meubelontwerpe ☒
 Hulle het funksionele, organiese, vaartbelynde, futuristiese en ergonomiese vorme beklemtoon en beide natuurlike materiale (hout en leer) en plastieksoorte gebruik. ☒

(2)

ALGEMENE EIENSKAPPE

Algemene Styl:

- Sagter, nie meer geometries nie ☒
- Naatlose, geïntegreerde ontwerpe ☒
- Bolvormige, druppelvormige omhulsels wat die binnewerke van die nuwe meganiese en elektriese produkte wegsteek. ☒
- Funksionalisties ☒
- Eksperimentasie met die estetiese potensiaal van die nuwe materiale. ☒
- Ekspressiewe, organiese vorme is gebruik vir sagte sitkamermeubels en dekoratiewe kunsvoorwerpe. ☒
- Hulle het gebruik gemaak van die resultate en navorsing in hidrodinamika, aërodinamika en ergonomika om die werkverrigting van produkte te verbeter. ☒
- Geen onnodige versierings/dekorasies, veral in Argitektuur. ☒

Onderwerpe:

- Die herontwerp van enige nuttige voorwerpe insluitende tandeborsels, huistoestelle, motorkarre, radio's, plakkate, films, advertensieborde, televisie en tydskrifte. ☒
- Enigiets wat gewild en in aanvraag was. ☒

Vorm/fatsoen:

- Vaartbelynde vorm of druppelvorm vir voertuie. ☒
- Vereenvoudig, vaartbelyn en glad gemaak om 'n moderne voorkoms te skep. ☒
- Futuristiese vorme (geboue, vervoer en huishoudelike goedere) – weerspieël die wêreldwye fassinatie met en belangstelling in die buitenste ruimte, byvoorbeeld die koepelvorm in geboue en stadions. ☒

Lyn:

- Spoed motiewe en chevrons op voertuie om voorwaartse beweging voor te stel. Dit was ook gebruik op huishoudelike goedere (byvoorbeeld stofsuiers en radio's). ☒
- Geboë lyne en golfagtige vorme in moderne meubelontwerpe. ☒

Kleur:

- 'n Wye reeks nuwe kleure word beskikbaar as gevolg van die ontwikkeling van chemiese kleurstowwe (gebruik in huishoudelike goedere en in die motorvervaardigingsbedryf en tekstiel nywerheid). ☒
- Pastel kleure word gebruik vir motorkarre en binnehuisversiering. ☒
- Helder primêre kleure word gebruik vir advertensies. ☒

Beginsels van Ontwerp:

- Balans: Komposisie is altyd asimmetries gebalanseerd.
- Kontras: Groot en klein lettertipes. Koel kleure teen warm kleure: ☒
- Beweging: Die herhaling van die sweepslag lyn skep 'n gevoel van beweging. ☒

(3)

ONTWERPER: Louis Comfort Tiffany ☒

- Het juweliersware en gekleurde glas ontwerp. Bekend vir sy gekleurde glaslampskerms ☒

ONTWERP: Lampe (bv. die Wingerdlamp) ☒

- Lampscherm gemaak van glas mosaïek stukkies wat in metaalrame geplaas is om soos gekleurde glas vensters te lyk. ☒
- Onderwerp: duiwe en wingerdblare. ☒

OF

ONTWERPER: Victor Horta ☒

- Belgiese argitek bekend vir sy gietysterwerk, wat hy as integrale deel van sy argitektuur gebruik het. ☒

ONTWERP: Trappe in die Tassel Hotel, Brussels (1893). ☒

- Maak duidelik gebruik van die sweepslag lyn, wat die kurflinieëre lyne in die vloer herhaal. ☒

(3)

DIE MODERNISTIESE ERA

DOELWITTE:

- Om te strew na 'n styl wat die 'moderniteit' van die tyd weerspieël. ☒
- Om aanvang by die wêreld massa-mark te vind. ☒
- Om goed-ontwerpte produkte te skep/promoveer wat ook funksioneel en ekonomies is. ☒
- Om te eksperimenteer met nuwe materiale/vorme wat wyd onder die verbruikers aanvang vind. ☒
- Om nuwe en vindingryke produkte te ontwerp (transistors, radio's, plastiek stoele, huisbeligting, busse, motors, vliegtuie, yskaste en die 'jukebox'). ☒
- Om te ontwerp vir 'n nuwe teikenmark – die tiener. ☒

(2)

INVLOEDE:

Die invloed van:

- Amerika (1935 – 1955) as gevolg van:
 - Hoogs ontwikkelde besigheid en industriële vaardighede ☒
 - Na-oorlogse immigrasie van die vernaamste Europese ontwerpers. ☒
 - Die 1939 New York uitstalling en die promovering van Duitse Bauhaus ontwerpbeginsels wat die klem gelê het op kontemporêre, moderne voorkomste, afgerondheid en materiale. ☒
 - Die ontwikkeling van 'n nuwe stylbewustheid onder die publiek asook die ontwikkeling van welgestelde verbruiker massa-mark. ☒
- Die analitiese benadering van die 20^{ste} eeuse Ontwerp as gevolg van die Bauhaus (logiese, ekonomiese, gestandaardiseerde en eenvoudige Ontwerp) met die klem op massa-produksie en tegnologiese goedere gemaak van nuwe materiale. ☒
- Die impak wat studies in hidro- en aërodinamika op die vaartbelyning van voorwerpe gehad het. ☒

INVLOEDE:

Japannese kuns met sy:

- Eenvoudige, vloeiende, dekoratiewe lyne ☒
- Gestileerde vorms ☒
- Roosterpatrone van kamer interieur ☒
- Dekoratiwe patrone van waaiers en kimono's ☒
- Kontras tussen oop en gedetailleerde areas ☒

Keltiese kuns en sy:

- Uitspattige kurflinieëre ontwerpe ☒
- Dekoratiwe, draaiende patrone wat soos strikke lyk. ☒

Viking ontwerp met sy:

- Fyn lyne en spirale ☒
- Oordadige versiering en romantiese idees. ☒

Simbolisme (’n kunsbeweging in daardie era) met sy:

- Plat vorms en plat areas van kleur ☒
- Organiese, gekurfde buitelyne. ☒
- Sensuele ontwerpe met kurwes wat gebaseer is op die natuur en die vroulike vorm. ☒

Die kunsvlytbeweging:

- Geïnspireer deur sy natuurlike vloeiende vorms. ☒

Laat Gotiese styl:

- Sy flambojante lyne en gekleurde vensters. ☒

Franse Rococo styl:

- Die delikate lyne en vorms sowel as die ligte, speelse atmosfeer van beweging het Art Nouveau beïnvloed. ☒

(2)

ALGEMENE KARAKTEREIEKSKAPPE:

- Onderwerp: diere, voëls, plante, gestileerde rose (Rennie Mackintosh), sonneblomme, lelies, poue en die sensuele vroulike vorme. ☒
- Produkte: Tekstiele, keramiekware, metaalwerk, glasware, juweliersware, meubelontwerp en argitektuur. ☒
- Materiale: Eksotiese materiale soos perlemoenskuip, lapis-lazuli, horing, ivoor en wisselkleurige glas. ☒

Elemente van ontwerp:

- Lyn: Die gebruik van die slangvormige, sweepslag-lyn om gestileerde en eenvoudige vorme te skep. ☒
- Fatsoen en Vorm: Die vloeiende kurwes en vorms wat gebruik word om meubels en ander voorwerpe te ontwerp weerspieël die ritme van die sweepslag-lyn. ☒
- Kleur: subtiel en gedemp, soos pastel-geel, - pienk en -groen. ☒
- Kleur: Plat ‘matt’ kleur word omsluit deur die kromagtige lyn., algemeen gebruik vir plakkaat illustrasies, bv. plakkate deur Mucha. ☒

- Gebruik van beginsels en elemente van ontwerp:
- Fatsoene: Eenvoudig en elegant sonder te veel versiering, bv. meubels. ☒
- Tekstiele en keramiek was meer organies a.g.v. die invloed van plant en diere. ☒
- Kleur: Hulle het gebruik gemaak van plat areas met helder kleure in verskillende skakerings van blou, geel en rooi. Hulle het ook gebruik gemaak van aardse kleure. ☒
- Balans: Meestal simmetries a.g.v. die Middeleeuse Gotiese invloed van stabiliteit en orde. ☒
- Eenheid: Gewoonlik verkry deur die herhaling van organiese lyne of onderwerp. ☒

(3)

ONTWERPER: Phillip Webb ☒ONTWERP: 'Die Rooi Huis' ☒

- Uit rooi baksteen gebou (waarheid van materiaal) ☒
- Gepunte dakke eg aan die Middeleeuse Gotiese periode ☒
- Interieur maak gebruik van ongeverfde houtbalke, (rusticcottage style) ☒
- Binne-mure gevef met muurskilderwerk met veral blom- en voëlmotiewe. ☒

OF

ONTWERPER: William Morris ☒ONTWERP: 'Die Aarbeidief' tekstiel-ontwerp: ☒

- Simmetries gebalanseerde ontwerp ☒
- Onderwerp: Voëls tussen plante en aarbeie ☒
- Kleur: Kontras van ryk rooie en koel bloue ☒
- Lyn: Organies ☒
- Eenheid word verkry deur die herhaling van motiewe, bv. Die voëls. Eenheid word ook verkry deur die herhaling van kleure. ☒
- Verskeidenheid: Verkry deur 'n verskeidenheid van verskillende vorms, wat herhaal word deur die hele ontwerp, bv. die voëls-, blom- en blaarmotiewe. ☒

(3)

ART NOUVEAU

DOELSTELLINGS:

Het gegroei uit die Kunsvlytbeweging, so sommige van die doelstellings was dieselfde:

- 'n Begeerte om nouer bande tussen die kunstenaar en die vakman in die ontwerp van produkte te vestig. ☒
- Om die tradisie te laat herlewe om bekwame vakmante te gebruik. ☒

Verskillend deurdat:

- Hulle nie die idee van fabriek gemaakte goedere verwerp het nie. ☒
- Hulle eerder die kwaliteit van handgemaakte goedere na die fabriek wou neem en gebruik maak van moderne materiaal, bv. staal en metaal (gietyster werk).

(2)

VRAAG 4 (30 punte)

AS1: Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.

AS2: Begryp Ontwerpstorie en gebruik Ontwerpterminologie korrek.

AS4: Onderzoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne wat die wêreldwye invloede op die ontwikkeling van Ontwerp aandui.

AS5: Analiseer, interpreteer en reflekteer op voorbeelde op 'n kritiese wyse en verbind hulle met hul kulturele, geskiedkundige en hedendaagse kontekste.

4.1 (Ken 20 punte toe)

LEERDERS MOET TWEE ONTWERPBEWEGINGS KIES OM TE BESPREEK.

ANTWOORDE VIR VIER VAN DIE MOONTLIKE VYF KEUSES VOLG:

KUNSVLYTBEWEGING

DOELSTELLINGS:

- Die kunstenaars het hulle daarop toegespits om die standarde van massa-geproduseerde produkte te verhoog. ☒
- Die beweging staan dit voor dat die vakman betrokke moet raak met die ontwerp van alledaagse voorwerpe. ☒
- **Om die ontwerp van eenvoudiger, minder dekoratiewe produkte aan te moedig.** ☒
- Hulle glo daaraan dat, die materiale waarvan produkte gemaak is, nie weggesteek behoort te word nie en nie oorversier word nie. ☒
- Om sosiale orde te herstel, stabiliteit en Christelike waardes terug te bring. ☒

(2)

INVLOEDE:

- Middeleeuse Gotiese Styl: ☒ Kunstenaars en argitekte glo dat die morele standarde aan die afneem is en daarom keer hulle terug na die Middeleeuse Gotiese styl: Die landelike Engelse kothuis-styl ☒
- Die mure van huise is gemaak uit plaaslike stene. Vloerplanke en dakbalke word nie bedek met enigiets nie. Hulle gebruik handgemaakte, onversierde hout om huise te bou en huise het 'n eenvoudige, landelike voorkoms wat herinner aan die Middeleeue.
- Beïnvloed deur alledaagse lewe sketse bv., die natuur bv. diere of blom motiewe.

(2)

KARAKTEREIEIENSKAPPE:

- Onderwerpe : Die natuurlike vorms van blomme, voëls en diere. Heraldiese motiewe, Gotiese ontwerp-motiewe, bv. die 'quatrefoil' en 'trefoil'. ☒
- Produkte: Tekstiele, meubels, keramiek, handgemaak, leergebinde boeke, metaalwerk en argitektuur. ☒
- Materiale: So na aan die werklike materiaal as moontlik. Hout en klip.
- Versiering: Geen onnodige detail. Versiering word net gebruik om die basiese ontwerp te versterk. ☒

KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP: (OPSIE 1)

Bierbeker: ☒

- Haar bierbeker is 'n funksionele voorwerp gemaak uit piouter en meer duursaam as glas of keramiek. ☒
- Die beker is baie glad in voorkoms. ☒
- Die vorm is gestileerd en vereenvoudig. ☒
- Die gladheid van die vorm verskaf 'n aangename, voelbare kwaliteit aan die werk. ☒
- Die handvatsel is goed geplaas om dit maklik te maak om vas te hou en te drink. ☒
- Die ontwerp van die handvatsel kry sy oorsprong / inspirasie vanaf inheemse Sankuns. Die figuur is drie-dimensioneel, maar is geïnspireer deur twee-dimensionele rotskuns. ☒

(3)

OF

KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP: (OPSIE 2)

'Botterbak': ☒

- Hierdie werk was eers gevorm uit klei en daarna gegiet in piouter. ☒
- Die vorm is oneweredig gerond, swaar en solied en herinner aan handgekerfde, antieke metaalbakke. ☒
- 'n Hoogs-vereenvoudigde, ronde figuur met arms wat uitstrek om die rante van die bak staan uit aan die een kant van die omhulsel. ☒
- Die peuter is gepoleer totdat dit glad, sensueel en glansend voorkom aan die buitekant en word versterk deur die kontrasterende, ongepoleerde, rowwe binnekant. ☒
- Die glansende silwer kleur van die peuter gee dit 'n luukse kwaliteit en reflekteer die vorme en kleure van voorwerpe rondom die bak. ☒
- Organiese, sirkelvormige lyne domineer die werk. ☒

(3)

[20]

V3.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Kennis, Begrip	30%	Deel van 3.2	3
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	Deel van 3.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 3.2	3

- Altyd toegeknoop tot bo, dus nie informeel nie. ☒
 - Liggewig katoenmengsel – koel vir die klimaat. ☒
 - Materiaal word spesiaal gekies – goeie kwaliteit, oorspronklik, beperkte reeks van die ontwerpe. ☒
 - Kleure beeld selfvertroue uit. ☒
 - Hierdie ontwerpe word nou gedra by formele funksies en in die raadsale van ons land. ☒
- (4)

NAAM EN KORT BESKRYWING VAN EEN ONTWERP

DIE MADIBAHEMP ☒

- Madibahemde is ontwerp om liggaamshitte te behou, maar is steeds koel en lig. ☒
 - Hulle word vasgeknoop tot bo. ☒
 - Hulle is goed gedruk en die materiaal is ryk in kleur en patroon. ☒
 - Hulle is lank en hang oor broeke. ☒
 - Die hemde is lospassend om gemaklike beweging toe te laat. Hierdie hou verband met Madiba is afkeur van ingeperktheid as gevolg van sy tyd in die tronk. ☒
- (3)

VOORBEELD 2: NAAM VAN DIE ONTWERPER: Carrol Boyes ☒ (1)

PLAASLIKE/GLOBALE INVLOEDE EN INSPIRASIE:

- Boyes is beïnvloed deur die eenvoudige, geometriese patrone wat gebruik is deur antieke beskawings. ☒
 - Haar hoogs gestileerde figure, wat meestal in aksieposisies is, herinner mens aan die figure wat gebruik word in San-rotskuns. ☒
- (2)

ALGEMENE EIENSKAPPE:

- Boyes het 'n wye verskeidenheid leefstyl-produkte soos eetgerei, platware, tafelware en 'n groot versameling geskenk-items. ☒
 - Haar handelsmerk is die vindingryke gebruik van materiale: die kombinasie van piouter, aluminium en vleklose staal, saam met leer en hout. ☒
 - Sy wou 'n produk vervaardig wat eksklusief is en van piouter gemaak is as gevolg van hierdie stof se buigbaarheid en veelsydigheid. Sy het haar talent in beeldhou en kennis van metaalwerk gekombineer om kenmerkende en unieke piouter handvatsels te skep wat vandag nog haar handelsmerk is. ☒
 - Geen twee items lyk ooit presies dieselfde nie, ten spyte van die groot volkome werk wat sy elke maand in haar fabriek vervaardig. ☒
 - Carrol Boyes is meestal geïnspireer deur die menslike figuur. ☒ Dit is duidelik in haar werk – menslike figure vorm dikwels die handvatsels van 'n stuk eetgerei of beker, of hulle kan gebruik word om twee kante van 'n tydskrifrak uit te maak. ☒
- (4)

INVLOEDE:

- FIGUUR A se skoon ovaal vorm herinner aan die skoon vorms van die Bauhaus ontwerpe ☒ asook die van Minimalistiese werke ☒ waar die kurflinieëre vorms en lyne van FIGUUR B herinner aan Art Nouveau of Kunsvlyt ontwerpe. ☒
Die sterk lyne van die blomontwerp in FIGUUR A kon beïnvloed wees deur die muur ontwerpe op Afrika hutte. ☒ Die gebruik van herhaalde nie-figuratiewe beelde herinner aan Art Deco. ☒

(4)

Gee erkenning aan enige geldige stellings.

V3.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Kennis, Begrip	30%	Deel van 3.1	2
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	Deel van 3.1	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 3.1	2

3.2 (Ken 10 punte in totaal toe)

Nota: 'n Leerder kan skryf oor enige plaaslike, kontemporêre ontwerper uit die LTSM soos voorgeskryf in die LPG.

TWEE MOONTLIKE VOORBEELDE IS VOORSIEN

VOORBEELD 1: SONWABILE NDAMASE ☒

(1)

PLAASLIKE EN GLOBALE INVLOEDE

- Sterk invloed van sy moeder – eenslagtige kyk na werk met 'vroulike takies'. ☒ 'n Verandering van kultuur (lid van koninklike Phondo-familie in die Oos-Kaap). ☒
- Bywoning van 'n plaaslike modelkursus – gegrond in Westerse mode- Westerse invloed. ☒
- Ontevrede – kyk dan na plaaslike Afrika-mode. Probeer nou by bly met beide plaaslike en internasionale tendense – samesmelting. ☒

(2)

ALGEMENE EIENSKAPPE

- Hy het sy eie besigheid genoem Vukani! Creations. ☒
- Hy probeer om 'n rolmodel vir die mode-bedryf te wees. ☒
- Hy beeld die 'gees van Afrika' uit – nie meer Eurosentries nie. ☒
- Identifiseer met die algemene mens wat nie meer pakke dra nie – geen krae of dasse. ☒
- Hemde is lank gesny – hang oor langbroeke. ☒
- Gebruik 'n konvensionele kraag (geen das) OF 'n staande Nehru-kraag. ☒

2.2 2.2.1 (Ken 2 punte toe)

Beide Nelson Mandela se gesig en die leeu is welbekende Suid-Afrikaanse simbole. ☒ Dit is belangrik dat die geldeenheid van 'n land duidelik uitbeeld aan watter land dit behoort. Nelson Mandela is 'n voorstelling van vryheid, positiewe verandering en vrede. Hy word nasionaal en internasionaal as 'n ikoon erken. ☒ Die leeu is inheems aan Suid-Afrika en is herkenbaar as die 'Koning van die Diere' en word geassosieer met waagmoed en koninklike belangrikheid. ☒

Gee erkenning aan alle goed beredeneerde antwoorde.

(2)
[10]

V2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Observasie/ Herroep/ Begrip	30%	Deel van 2.1.1 + Deel van 2.2.1	2 + 1
Middel orde	Toepassing	40%	2.1.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie/ Afleiding	30%	Deel van 2.1.1 + Deel van 2.2.1	2 + 1

VRAAG 3 (10 punte)

AS1: Beoordeel waarde, ingelig deur 'n goeie begrip van Ontwerp.

AS2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.

AS4: Onderzoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne wat die wêreldwye invloede op die ontwikkeling van Ontwerp aandui.

3.1 (Ken 10 punte toe)

BALANS:

- FIGUUR A is simmetries gebalanseer met die linkerkant 'n spieëlbeeld van die regterkant. ☒ Die simmetrie is formeel wat 'n gevoel van orde en stabiliteit skep. ☒ FIGUUR B is asimmetries gebalanseer en die linkerkant is hoër as die regterkant. Dit verleen beweging en 'n informele gevoel aan die ontwerp. FIGUUR A se blommotief maak gebruik van radiale balans, wat treffend, georden en kalmerend is. ☒

(2)

VORM VOLG FUNKSIE:

- Die eenvoudige, skoon ovaal vorm van FIGUUR A is sterk ☒ en gee die ontwerp 'n funksionele aantrekkingskrag, ☒ maar die sterk, liniêre blompatroon in die middel neem die aandag weg van die vorm wat 'n dekoratiewe vorm skep. ☒ Die bad-vorm in FIGUUR B is ook sterk en suiwer, ☒ maar die pote en krane maak gebruik van kurflinieêre detail wat van die suiwerheid wegneem wat om die beurt 'n produk lewer wat meer dekoratief as funksioneel is. ☒

(4)

VRAAG 2 (10 punte)**AS2: Begryp Ontwerpsteorie en gebruik Ontwerpsterminologie korrek.****AS3: Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van produkte, beelde, tekens en simbole wat gebruik word in Ontwerp.****2.1 2.1.1 (Ken 4 punte toe)**

Stereotipering:

- Dit is 'n vasgestelde idee indruk of idee oor 'n groep gebaseer op die ondervinding met een persoon en word dan as die waarheid oor die hele groep voorgegee. ☒
- Gereeld in advertensies gesien as groepe mense of individue wat sekere eienskappe het of sekere voorgeskrewe rolle vervul. ☒

(2)

Die moontlike effekte van stereotipering op die samelewing wanneer dit in advertensies gebruik word:

- Mense of groepe wat nie in die stereotipe pas nie, kan voel dat hulle tekortkominge het of vervreem voel. Byvoorbeeld, 'n vrou wat stereotiep mooi is, is maar en seksueel aantreklik. Dit weerspreek enige ander interpretasie van skoonheid. ☒
- Stereotipering veralgemeen gereeld met die gevolg dat 'n sekere groep of kultuur onder dieselfde kam geskeer word, bv. die stereotipe vir 'n terroris is 'n man in Arabiese klere. ☒
- Dit kan ook die verlies van individualiteit tot gevolg hê soos 'n persoon daarna streef om iets te word wat hulle nie is nie. Dit kan veral gesien word in tieners wat probeer om 'n beeld te vorm wat sê dat hulle behoort. ☒
- Stereotipiese simbole soos die kopbeen en gekruisde bene word as roetine gebruik om verbruikers in te lig van giftige stowwe. ☒

(2)

Gee erkenning aan enige goed beredeneerde stelling.

2.1.2 (Ken 4 punte toe)

FIGUUR A:

Kandidate kan argumenteer dat FIGUUR A die direk teenoorgestelde van stereotipering voorstel. ☒ Alhoewel die figure verskillende rasse groepe aandui in verskillende kleure, is daar geen stereotipiese beelde vir enige van die rasse gebruik nie. Dieselfde gestileerde figuur is gebruik om al die rasse uit te beeld om die mensdom as dieselfde of as een uit te beeld. ☒

(2)

FIGUUR B:

Die beeld van die klere wat op die lyn hang en die teks 'Happy Mother's Day' laat ons glo dat dit 'n gelukkige en vervullende taak is om die wasgoed te doen en dat dit die natuurlike taak van elke moeder is. ☒ Die fokuspunt is die woord 'Mother' wat uitgespel is deur die manier hoe die klere op die wasgoeddraad gehang is. Die woorde aan die onderkant kan geïnterpreteer word as 'n skakel met die woord moeder om die boodskap oor te dra dat die gesin se wasgoed nie net die taak van die moeder is nie, maar haar ook gelukkig maak en 'n bevredigende taak is. ☒

Selfs die bewoording word verskillend geïnterpreteer (die seepoeier is so effektief dat selfs iets soos wasgoed doen maklik is en daarom is dit regtig 'n 'Gelukkige Moedersdag'), maar dit stereotipeer steeds vrouens (moeders) as diegene wie se taak dit is om die gesin se klere te was. ☒

(2)

Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.

- LYN: Die lyne is organies en dit skep kurflinieëre, golwende patrone ☒ wat aan krabbels herinner ☒ en 'n baie spontane, onbeplande en dinamiese oppervlak skep. ☒ (2)
- KLEUR: Helder, sterk kleure word gebruik om 'n prettige, lewendige en opwindende mat te skep. Hierdie kleur word meer intens omdat dit deurspek is met wit. ☒ (2)
- RITME: Die hele mat bestaan uit lyn wat die onreëlmatige organiese buitelyn van die mat herhaal ☒ Dit skep 'n baie ritmiese oppervlak patroon. ☒ (2)
- MOONTLIKE INSPIRASIE: Die organiese fatsoen en die herhaling van onreëlmatige, organiese lyne kan moontlik deur rotsformasies ☒ of die dwars deursnit van groente soos byvoorbeeld blomkool of die kontoere op 'n kaart. ☒ (1)

[20]

V1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Observasie/ Begrip	30%	Deel van 1.2	3
Middel orde	Toepassing	40%	Deel van 1.2	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie/ Afleiding	30%	Deel van 1.2	3

1.1.3 (Ken 6 punte toe – 2 punte per element/beginsel bespreek)

Patroon:

Patroon word geskep deur die herhaling van strepe op die horings, ☒ sowel as die herhaling van vierkante op die lyf wat ons herinner aan 'n gehekelde kombes. ☒ Die hekeltegniek skep klein driehoekige fatsoene wat in mekaar 'haak' in 'n herhalende wyse, wat nog 'n patroon op die oppervlak vorm. ☒ Die hele ontwerp is deur patrone bedek wat 'n baie besige en lewendige oppervlak skep. ☒ (2)

Lyn:

Die horings en die buitelyne van die koedoe skep organiese kurflinieëre lyne, wat 'n vloeiende kwaliteit aan die beeld verskaf. ☒ Hierdie lyne kontrasteer met die lyne van die gehekelde blokke, omdat hulle meer geometries en rigied is. ☒ Die swart buiterande van die blokke skep reguit, formele, oorkruisende strepe wat die beweging wat deur die verskeidenheid patrone en geronde (gebuigde) buitelyne van die koedoe geskep word, stabiliseer. ☒ (2)

Kontras:

Die kurflinieëre buitelyne van die koedoe en sy horings kontrasteer met die geometriese patrone van die gehekelde kombes ☒ en skep 'n opwindende visuele oppervlak. ☒ Die breë, eenvoudige strepe op die horings kontrasteer met die klein ruitvormige vorms van die gehekelde blokke. ☒ Kontras word ook geskep deur die warm oranje, rooi, pienk en geel vorms wat langs die koue turkooise, blou en laventel vorms geplaas is. ☒ (2)

Gee krediet aan die korrekte gebruik van enige geldige terminologie.

V1.1	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIG %	VRAAG	PUNTE
Laer orde	Observasie Visuele begrip	30%	Deel van 1.1.1 + Deel van 1.1.2 + Deel van 1.1.3	1+1 +1
Middel orde	Toepassing van elemente	40%	1.1.3	4
Hoër orde	Analise Sintese Evaluasie	30%	Deel van 1.1.1 + Deel van 1.1.2 + Deel van 1.1.3	1 + 1 + 1

1.2 (Ken 10 punte)

- INNOVERENDHEID/OORSPRONKLIKHEID:

Die mat is oorspronklik, want die vorm daarvan is organies en onreëlmatig, in plaas daarvan om 'n tradisionele, vierkantige of reghoekige vorm van meeste matte te besit. ☒ (1)

- BRUIKBAAARHEID:

Die onverwagse, onreëlmattige fatsoen van die mat gee dit 'n speelse kwaliteit ☒ wat dit geskik maak vir kinders – veral 'n speelkamer ☒ Dit is gemaak van dik, meegewende, materiaal soortgelyk aan velt is, wat ook bydra tot die funksionaliteit omdat dit gemaklik sal wees vir kinders om op te speel en lê. ☒ Sommige kandidate mag argumenteer dat die dikte van die mat in kombinasie met die onreëlmattige fatsoen is 'n veiligheidsrisiko en daarom verminder dit die funksionaliteit van die ontwerp in geheel. ☒ (2)

AFDELING A: ONTWERPSGELETTERDHEID**VRAAG 1 (20 punte)**

AS1: Maak waarde beoordelings wat deur 'n duidelike begrip van Ontwerp ingelig is.

AS2: Begryp Ontwerpteorie en gebruik Ontwerpterminologie op korrekte wyse.

1.1 1.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Die leerder kan die stelling maak dat die ontwerp kitsch is en moontlike antwoorde wat gegee kan word is die volgende:

- Kitsch ontwerp maak gebruik van populêre, maklik verstaanbare beelde en die koedoe-ontwerp is al so baie in Suid-Afrika gebruik dat dit 'n stereotipe of cliché geword en daarom sy visuele impak verloor het. ☒
- Die gebruik van helder, gaudy en kunsmatige kleure wat stroperige sentimentaliteit oordra, is tipies van kitsch. ☒
- Kitsch ontwerp maak dikwels gebruik van kunsmatige materiaal soos plastiek en hierdie werk bestaan uit gehekelde plastieksakke. ☒

Die leerder kan ook redeneer dat die ontwerp nie kitsch is nie en die volgende moontlike antwoorde kan gegee word:

- Die kombinasie van die hekeltegniek en die "kombers" beeld met die welbekende koedoe is onverwags wat 'n nuwe, oorspronklike beeld skep wat nie tipies aan kitsch is nie.
- Kitsch ontwerp is eenvoudig, direk en nie opgebou uit verskillende "lae" nie. Hierdie ontwerp bestaan uit vele verrassende jukstaplasings, helder, botsende kleure, botsende patrone van strepe en gehekelde blokke gekombineer met die natuurlike dierlike vorm en die baie kunsmatige plastiek materiaal prikkel die verbeelding om 'n opwindende, nuwe visuele ervaring te skep.
- Die ontwerper het al die kwaliteite van 'kitsch' in so 'n wyse bymekaargesit dat 'kitsch' oordryf word en meer as 'kitsch' raak. Dit wil voorkom asof dit die helder kleure en patrone tesame met die cliché beelde vier. ☒

Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.

(2)

1.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

- Die koedoe ☒ kan gesien word as 'n simbool van Suid-Afrika en deel van die natuurlike erfenis aangesien dit inheems aan die land is. ☒
Die koedoe kan ook gesien word as 'n simbool van vorstelikhed, as gevolg van sy baie lang en treffende horings wat wil voorkom asof hy dit baie trots dra. ☒
- Die hekeltegniek en die kombers wat die koedoe bedek of die vel vervang, simboliseer vertroosting/gemak en huislikheid. ☒

Gee erkenning aan enige goed beredeneerde antwoord.

(2)



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

**ONTWERP V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 38 bladsye.
